Pretoria- 16 Oktober 2011

Skriflesing: 1 Timotheus 2: 1-7; Hebreërs 2:10-18
Heidelbergse Kategismus – Sondag 6
Teks: 1 Timotheus 2:5
Sing- Ps 34:1,6; Ps 86:2,6; Ps 45:2,16

Daar was in ons belydenis in Sondag 5 al ‘n soeke na ‘n Middelaar, broeder en suster. Vraag 15- **Hoe ‘n Middelaar en Verlosser moet ons dan soek?** Maar in die Woord van God Self, in die Ou Testament is die soeke na ‘n middelaar, ook baie duidelik. Job met wie ons vanoggend reeds met die eerste diens in n myn kon afdaal, is ook iemand wat na ‘n middelaar, ‘n verlosser gesoek het. In Job 9:33 soek hy na iemand wat tussen hom en die onreg wat hy glo met hom plaasvind, moet kom staan. In Job 9 is die middelaar vir Job ‘n skeidsregter. *Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie.* In Job 16:19 gaan sy soeke na ‘n middelaar nog verder. Hy kom nader aan die punt as hy vir God in die hemel as Getuie aanroep. *Selfs nou, kyk in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig is in die hoogtes.* As hierdie Getuie dan ook net vir hom ‘n losser, ‘n verlosser kan wees. En in Job 19 vers 25, dan roep Job dit uit. *My verlosser leef.* Job praat van ‘n verlosser, ‘n verlosser wat leef, al kan hy Hom nie by die naam noem nie, maar die middelaar soos Job dit noem kan sy hand lê op die mens en op God.

En ook na Jesus se opstanding stap ons die pad saam met die twee mense oppad na Emmaus. ‘n Eensame pad, maar die twee, Kleopas en sy vriend is in druk gesprek oor die gebeure die afgelope dae waar Jesus gekruisig is, doodgemaak is, en hulle tog so gehoop het dat Hy hulle sal verlos. En terwyl die twee so aanstap, toe kom daar die Vreemdeling met hulle saamstap, min het hulle geweet dat die Vreemdeling, die Christus, die Seun van God is, Hy het opgestaan, die Verlosser leef, maar hulle weet dit nie! ‘n Mens hoor vooraf by die Emmaüsgangers ook die vraag van ons belydenis-**Hoe ‘n Middelaar en Verlosser moet ons dan soek?** Kleopas en sy vriend het hulle die verlossing anders voorgestel. Hulle het meer gesoek na ‘n bevryder, as ‘n verlosser. Hulle sê dan ook *dat hulle gehoop het dat dit Jesus was wat Israel sou verlos, maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag wat dit plaasgevind het……*Hulle soek na verlossing, maar soos hulle dit wil hê. Hulle het hulle eie vooropgestelde idee van wat die verlossing moet beteken. Volgens hulle moet die Middelaar nie kan sterf nie, Jesus het gesterf. Na hulle gevoel moet die Middelaar net ‘n mens wees, maar ‘n sterke mens, een wat nie gewen kan word nie. So ‘n middelaar en verlosser soek hulle.

***

Ons belydenis kom in ons soeke na ‘n verlosser nie met mense-idees en mense-gevoelens nie, as dit vir ons belydenis duidelik word dat die middelaar en verlosser moet ware en regverdige mens wees, maar ook terselfdertyd ware God wees. Dit maak ons belydenis so anders as mense gedagtes en mense gevoelens, want Jesus antwoord dan die manne oppad na Emmaus met ‘n harde word- *O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo, alles wat die profete gespreek het*….wat Jesus vir hulle sê is, waarom lees en glo julle nie die Bybel nie – alles wat die profete gespreek het. In die Woord behoort hulle tog te kon sien hoe ‘n Middelaar ons moet soek, een wat werklik ‘n Brugbouer tussen God en die mens moes kom word. Dit gaan nie maar net oor aardse dinge nie, maar dit gaan oor ware dieper vrede, vrede tussen hemel en aarde, die Tussenganger, die Middelaar, die Brugbouer moes vrede tussen God en die mens kon bewerkstellig, daarom moes Hy God en mens tegelyk wees.

En dan is dit opmerklik ons belydenis begin nie by die punt waarom die Middelaar God moet wees nie, maar waarom die Middelaar mens moet wees. Ons sou selfs kon sê waarom moes die Middelaar familie van ons wees, om ons te kon verlos. Die Woord neem ons terug na Genesis, na die moederbelofte (die moederbelofte genoem, want hierdie belofte is die moeder, is die oorsprong van al God se beloftes.) En daar gee die Here die belofte dat die saad van die vrou, m.a.w. ‘n mens, sal die slang die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. Die mense saad, die mense hakskeen, begin al daarheen wys, dat die verlosser ‘n mens sal moet wees.

En hoe duidelik sou Jesus ook vir die Emmaüsgangers uit die Woord van God kon wys dat die verlosser uit die geslag van Dawid, die stomp van Isai, moet kom, ‘n men uit Dawid, en dat Hy in Bethlehem gebore moes word, ‘n egte mensekind, soos ‘n wortel uit die droë grond van mense sou Hy moes opkom. Hy sou ‘n mens tussen mense moes wees, een soos ons, uitgesonder die sonde. Hy sou bloed van ons bloed, uit ‘n vrou van nege maande swangerskap sou Hy gebore moes word, Hy sou ‘n geslagsregister en stamboom moes kon toon, en sou wees soos elke hulpelose klein babatjie, alles moet vir die baba gedoen word, op agt dae sou Hy ook besny moes word, soos elke ander kind sou Hy moes opgroei.

As hy saam met sy pa, Josef werk, hy doen saam met sy pa die werk van ‘n timmerman, dan sal hy ook kon seerkry, sy vinger met ‘n hamer raakslaan. Hy het gestaan onder sy ouers se gesag, Hy het skool toe gegaan, waarskynlik die sinagogeskool bygewoon, en later, selfs ook

toe Hy volwasse was, was Hy ‘n mens wat honger kon word, dors kon word, hartseer kon word, kwaad kon word, hy het gesweet, gebloei, gesterwe, soos enige mens dit sou doen. Hy sou van Dawid deur Abraham, tot by Adam se menselyn, sy mensegeslag kon deurtrek. Hy was familie van mense- Markus 3:35 *Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en moeder.* En ook Hebreërs het ons gelees- *Hy skaam Hom nie om hulle broeders te noem nie.* Hy was ‘n broeder-arbeider saam met sy pa, hulle noem hom dan ook die seun van die timmerman, Hy was ‘n broer-belastingbetaler, Hy betaal belasting soos enige van sy mense rondom Hom moet doen, selfs al moet Petrus die belasting uit die bek van ‘n vis gaan haal, betaal, betaal Hy.

Hy was ‘n broer wat vreugde kon deel. Met die bruilof te Kana was Hy saam met die mense bly, maar ook ‘n broer-swerweling – *want die jakkalse het gate en die voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie ‘n plek om sy hoof neer te lê nie.* Met mense het Hy sy lewe gedeel, Hy het verlang om by mense te wees, en ook sou Hy hartseer word en kwaad word. Hy het die lewe van ons as mense gelewe, ook die straf van ons as mense gedra, dié straf wat vir ons vrede kon bring.

***

In die geskiedenis van Rut, sien ons ook in Boas die skaduwee van Jesus wat mens moet wees, familie van ons moet wees. Boas sou nie losser kon wees as hy nie familie van Rut-hulle was nie. Die lossings rég en ook die wette rondom die swaershuwelik is die geregtigheid van God in die Ou Testament, en daarvan het Rut en haar familie se verlossing afgehang.

Ons kan ook sê dat van die mens-wees van Jesus, dié uit ons familie-wees van Jesus, ons verlossing hang daarvan af. Jesus sou nie Verlosser kon wees, as Hy nie mens kon wees nie. **Die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal.**

Die feit dat Jesus mens soos ons was, dit maak die troos van Sondag 1 nog meer uniek, as ons dink aan daardie eerste belangrike vraag waaruit ons hele belydenis voortvloei - **Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?** Die antwoord is die feit om aan Jesus te behoort, dié Jesus wat mens was, soos ek, maar Hy het geen sonde gehad of gedoen nie.

Jesus moes nie net mens wees nie, maar Hy moes **regverdige** mens wees. Regverdig bedoel nie dat Jesus net 'n billike mens sou moes wees nie, maar Hy sou sondeloos, skoon, 'n heilige mens moes wees.

1 Korinthiërs 1:30 vat dit alles eintlik so mooi saam as daar staan – *Maar deur Hom is julle in Christus Jesus wat vir ons geword het, wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.* Jesus was dit alles VIR ONS – 'n Mens van wysheid, 'n mens van geregtigheid, 'n heilige mens, daarom kan Hy ons verlossing en ons Verlosser wees. Die verlossing van die mens, die Verlosser van God , is in Jesus alleen moontlik gemaak. Hy na Wie Job byna wanhopig uitgeroep het – *Daar is geen skeidsregter tussen God en die men s wat sy hand op ons twee kan lê nie* (Job 9:33). Job sou egter weer deur die geloof daarby gebring kon word om te praat van my Verlosser leef, maar hy het dit nie so duidelik soos Timotheus kon hoor nie – Job wat gesê het – *daar is geen**….*** Paulus sê vir Timotheus -*….daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus.*

***

Jesus die Verlosser, die volkome regverdige, wyse, heilige, mens, Hy is tegelyk volkome God, waarlik God – die seun van God. Hy is God uit God, Lig uit Lig, soos ons belydenis van Nicea met die diaken Athanasius, dit duidelik teenoor die ouderling Arius gestel het. Met die doop van Jesus in die Jordaan noem God vir Jesus – *sy geliefde Seun,* en weer by die verheerliking op die berg hoor ons, Jesus is God se *geliefde Seun*…..En voor die regbank van Kajafas kom die vraag van Kajafas met 'n eed- *Ek besweer U by die lewende God, dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God is.* En dan sê Jesus – U HET DIT GESÊ . *En Ek sê vir u. Van nou af sal U die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.*

Daar is net een God en een middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus. Hy, die Immanuel, die God met ons, die Seun van God en die Seun van die mens. Hy alleen kon as mens ook van sy ewigheid praat, omdat Hy ook God is. As Seun van God reik sy lewe terug tot in ewigheid en reik dit vooruit tot in ewigheid. Genesis 1 begin met Jesus, want ons lees Johannes 1- *Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.* Openbaring 11:15 –*Hy sal nog in die toekoms tot in ewigheid regeer en ook* Hebreërs 13:8-*Hy is dieselfde van ewigheid tot ewigheid.*

Jesus kon sy hand op God lê en op die mens. Die God van Wie Hy kon sê – *Ek en die Vader is een* (Joh.10:30) Ons het hier te doen met ‘n groot wonder, ‘n geheim. Soos Paulus sê – *Hierdie verborgenheid is groot, God is geopenbaar in die vlees.* Ons praat oor groot dinge, dinge wat ons verstand nie kan bevat nie, maar ons belydenis kom tog met die vraag, voor ons by die vraag 18 kom – **Waaruit weet jy dit?** Iets van die verborgenheid moet geweet word. Die “dit” is ‘n klein woordjie met groot betekenis. Jesus het die Emmaüsgangers ook met die “dit” geantwoord.

***

Ons vra nie mekaar hoe voel jy oor Jesus, of wat is jou ervaring betreffende die Jesus die Christus van God nie. Dit gaan nie vir ons belydenis oor gevoel of oor ervaringe of hoe vind jy vir Jesus nie, maar dit gaan oor iets wat vasstaan. Iets wat geweet kan word – DIE DIT-WAARUIT WEET JY DIT? En dan sal Sondag 7 hierdie weet baie duidelik omvat. Hierdie weet is ‘n weet in die geloof. Dit is waarom Sondag 7 vir ons vra – **Wat is ‘n ware geloof?**

Die diepste wete, die geloof laat my weet. En dan ons geloof antwoord op die dit – Waaruit weet jy dit? Die Woord van God. Jesus kon alleen die Emmaüsgangers oortuig deur die Heilige Skrif, die Woord van God vir hulle oop te maak. Daaruit kan hulle nou weet dat Jesus Christus, die Verlosser is, die Middelaar tussen God en die mense. Die Emmaüsgangers se harte was brandende in hulle toe die Woord na hulle kom. Hierdie woord wat ‘n mens se hart brandende maak, brand deur die Heilige Gees. En ook toe met die Woord die brood gebreek word, toe erken die Emmaüsgangers vir Jesus, dat Jesus toe uit hulle gesigsveld moes wegraak, maar aan die Woord kon hulle bly vasklou.

En hierdie Woord van God is vanaf Genesis tot Openbaring evangelie van God, want die evangelie, die blye nuus, die goeie nuus van Jesus Christus loop soos ‘n goue draad in Ou en Nuwe Testament. Die sonde gevalle mense, Adam en Eva in die paradys, hoor al van Jesus as die moederbelofte opklink. As Henog na die hemel opvaar sonder om te sterf, dan is dit al ‘n skaduwee van Christus se hemelvaart. Noag se ark is ‘n skaduwee, ‘n profesie van die kruis, want die ark het mense gered, en Christus se kruis red mense. Die aartsvaders waar Abraham vir Isak moet gaan offer is ‘n heenwysing na God wat sy Seun moes offer. En ook Moses, die middelaar van die ou verbond, is ‘n skaduwee van Christus, die Middelaar van die nuwe verbond.

Moses die wetgewer, sluit aan by Elia die wet handhawer en sluit aan by Jesus die wet volbringer. En ook die profete, soos Jesaja se lydende Kneg is ‘n profesie van Jesus Christus. En ook die offers van die Hoëpriester, die offer op die groot versoendag, en ook die Hoëpriester se kleredrag, (verlede Sondag se klokkies en granaatjies!) die name wat hy op sy skouer en in sy borstassie naby sy hart moes dra (Ex.28:12,29), en ook die bokke (Lev.16), die bok wat geslag moes word en die bok wat veld toe gedryf is, alles wys heen na Jesus Christus. Ook elke seremonie by die Wet het Christus verkondig. Die hele Bybel getuig van Jesus.

***

Met Sondag 6 het u dan vanoggend gekom by die beslissende vraag – WAT DINK U VAN DIE CHRISTUS? En hoe u die vraag beantwoord bepaal watter sort mens u is, en ook watter kerk ons is. Sonder die geloof kan ons vraag 18 nie antwoord nie. Is u hart brandende in u as u die naam van Christus hoor? **Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God en ware regverdige mens is?** ONS HERE JESUS CHRISTUS, dan bely ons sy Naam soos 1 Korinthiërs 1:30 hom aan ons openbaar. Ons bely dat Hy vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee is. Weereens word Job se vraag na wysheid geantwoord. 1 Korinthiërs praat net van verlossing, maar ons belydenis noem dit volkome verlossing, omdat Hy die volkome mens, die volkome God, ons volkome verlos het, met die volkome geregtigheid, krag en toorn van God op Hom. Daarom glo in Hom, die Lam van God.

AMEN